# handvlytskou

6-9 Augustus 2025

**Die Dameskring**
**T** 012 301 1761 **S** 079 515 0873
admin@dameskring.co.za

**www.dameskring.co.za**

22 April 2025

Beste DK-lid

**Handvlytskou 6 – 9 Augustus 2025**

Die Dameskring is baie opgewonde om vanjaar tydens Augustus wat Vrouemaand en Vrouedag is, 'n handvlytskou by die Voortrekkermonument aan te bied. In Suid-Afrika is daar soveel vroue wat die mooiste, fynste handwerkartikels maak. Vanjaar wil ons hierdie geleentheid vier deur gildes, organisasies en vroue uit te nooi om hulle handwerk te kom uitstal. Daar is soveel voordele aan handwerk - om iets met jou hande te maak gee 'n gevoel van genoegdoening en trots. Boonop is handwerk terapeuties en kreatief. Ons sien uit dat Suid-Afrika se talentvolle vroue met hulle handwerk kom spog. Dit sluit enige handwerkitems in bv. brei, kwilt, borduur, kloskant, hekel, pottebakkery, naaldwerk, skilder ens.

Daar is verskillende opsies:

1) 'n Gilde, organisasie, individu of tak stal handwerkitems uit. Daar is geen verkope van enige items nie. Daar is geen koste om die items uit te stal nie. Dit is bloot vir die waardering en bewondering van die besoekers.
2) 'n Gilde, organisasie, individu of tak stal handwerkitems uit maar daar is egter enkele items wat te koop is bv. 'n kwilt of een of twee gebreide truie. Indien Dameskring die items verkoop neem ons 12% van die verkoopprys. Indien die gilde, lid of organisasie self die uitstalling beman en verkope hanteer is daar nie enige koste aan verbonde nie. Hier gaan dit oor die pragtige kunswerke wat uitgestal word en enkele items wat te koop aangebied word.
3) Daar is ook vir DK-lede 'n geleentheid om self hulle handwerk uit te stel en te verkoop. Stalletjiekoste vir DK-lede is R350 vir die vier dae. Eie stalletjies sal dan vir die vier dae beman moet word. In hierdie geval gaan dit meer oor die verkope as die uitstalling. 'n Voorbeeld is bv. 'n groot aantal gebreide musse wat verkoop word.
4) Daar is ook vir DK-lede geleentheid dat Dameskring die produkte verkoop. Geen stalletjiefooie word betaal nie, maar Dameskring neem 12% van die verkope. Al die produkte word dan op die Dameskring se stelsel gelaai en plakkers met strepieskode word vir elke item gedruk.
5) Dameskring gaan ook 'n stalletjie hê waar handwerkitems te koop sal wees. Lede en takke is welkom om handwerkitems vir die stalletjie te maak en te skenk. Die fondse gaan dan vir Dameskring. Daar is geen verpligting vir takke of lede om handwerkitems te skenk nie. Dameskring sal dit egter baie waardeer.



**Uitvoerende Bestuur:** Elphi Taljaard (President), Suzette Viljoen (Vise-President), Ilze Lammers, Elize Barnardt, Tanya Gerber, Duif Brand, Suzanne Myburgh, Stephani Venter, Wilma van der Merwe, Marleese Lemmer, Mariette de Villiers, Donsie Kruger, Lucinda Ferreira, Karin Stoffberg.

# handvlytskou

6-9 Augustus 2025

Die duur van die handvlytskou is vanaf Woensdag 6 Augustus (14:00 – 17:00) tot Saterdag 9 Augustus 17:00. Uitstallers sal vanaf Woensdagoggend 8:00 hulle produkte kan kom uitstal. Daar sal tafels en stoele wees. Daar sal deurentyd sekuriteit wees.

Stalletjies moet teen Sondagmiddag 15:00 opgeruim wees. Sluitingsdatum vir aansoeke vir stalletjies en uitstallers is 20 Julie 2025. 'n Aansoekvorm kan vanaf die Dameskring-webblad afgelaai word. Die stalletjies waar verkope gedoen word, moet vanaf Woensdagmiddag (14:00 – 17:00) en Donderdag tot Saterdag vanaf 9:00 tot 17:00 beman word.

Indien u as uitstaller verblyf vir die dae benodig, kontak die Dameskringkantoor vir verskillende opsies. Ons nooi ook elke uitstaller en Dameskringlid na die openingsgeleentheid Woensdagaand 17:30 – 19:00.

Vir enige navrae kontak Karin Stoffberg per e-pos: ub-lid@dameskring.co.za of Karien Snyman in die Dameskringkantoor 012 301 1761 of 079 515 0873 of per e-pos admin@dameskring.co.za.

Groete
Dameskring

Die Dameskring inspireer en bemagtig vroue om as leiers en positiewe verskilmakers hul Christenskap en die Afrikaanse kultuur uit te leef, hul gemeenskap dinamies te dien en te help bou aan ons land, Suid-Afrika. Ons waak en werk.

**Uitvoerende Bestuur:** Elphi Taljaard (President), Suzette Viljoen (Vise-President), Ilze Lammers, Elize Barnardt, Tanya Gerber, Duif Brand, Suzanne Myburgh, Stephani Venter, Wilma van der Merwe, Marleese Lemmer, Mariette de Villiers, Donsie Kruger, Lucinda Ferreira, Karin Stoffberg.